FRESH EXPRESSIONS 2015: 'N REIS VIR GEMEENTELEIERS

Geagte kollegas

Ons is baie bevoorreg om 'n uitsonderlike kursus in Bloemfontein bekend te stel: die *mission shaped ministry*-kursus

Agtergrond

Almal van ons in die hoofstroom kerke ervaar dat demografiese skuiwe en die post-moderne kultuur al hoe meer die tradisionele verstaan en uitdrukkings van kerkwees uitdaag. Lidmaatgetalle is besig om, vinniger as voorheen, te kwyn. Daar is egter wel 'n positiewe tendens waar baie meen hulle is "nie moeg vir Jesus nie, maar wel vir die kerk." Dit skep nuwe geleenthede om geloofsgemeenskappe te stig. Maar hoe doen 'n mens dit?

Vars uitdrukkings van kerkwees is 'n strategie wat amptelik deur die Anglikaanse en ander kerke in Engeland die afgelope 10 jaar aanvaar is. Hierdie strategie moedig elke gelowige en gemeente aan om naas die bekende en bestaande maniere van kerkwees ook nuwe, vars maniere van kerkwees daar te stel vir die al groterwordende getal kerkvervreemde mense in Engeland.

Ook in die lig van die Algemene Sinode van die NG Kerk se onlangse verslag van 2013, getiteld "Raamwerkdokument oor die Missionale Aard en Roeping van die NG Kerk", (http://www.ngkerk.org.za/AS2013/wp-content/uploads/2013/09/A.12.7-MISSIONALE-AARD-EN-ROEPING-VAN-DIE-NG-KERK.pdf) wat kerkplanting aanbeveel as vaardigheid vir alle predikante, wat opgeneem is in die uitgebreide Artikel 9 in die Kerkorde van die NG Kerk 2013, die groot demografiese veranderinge wat in die meeste Suid-Afrikaanse gemeenskappe plaasvind, asook die krimpende getalle wat baie gemeentes in Suid-Afrika beleef, het die oortuiging ontstaan dat ons as NG Kerk-familie baie by die *Fresh Expressions*-beweging in Engeland kan leer.

Na verlede jaar se besoek van biskop Graham Cray, die hoof van die beweging in Engeland, het *Communitas* (Sentrum vir Gemeentebegeleiding) besluit om *Ekklesia* (Ekumeniese Sentrum vir Leierskapontwikkeling) te versoek om 'n vennootskap met Fresh Expressions Engeland aan te gaan met die oog op die aanbieding van hulle hoofkursus. Hierdie kursus word *mission shaped ministry (msm)* genoem.

Ons nooi jou hiermee graag uit na die bekendstelling van die kursus in Bloemfontein deur die span van Fresh Expressions Vrystaat.

Vir wie is die kursus bedoel?

- Leraars, lidmate, gemeenteleiers en sendelinge
- Diegene wat besig is om 'n nuwe bediening te ontwikkel.
- Diegene wat beplan om 'n nuwe bediening te begin
- Diegene wat hul bestaande gemeente wil transformeer om meer missionaal te wees.
- Alle denominasies, tradisies en ouderdomme
- Stedelike; voorstedelike en plattelandse kontekste

Wat is die aard van die kursus?

Die kursus is teologies-missionaal, prosesgedrewe en praktyk-georiënteerd.

Wat is die waardes van die kursus?

Ekumenies, geestelik verrykend, aanpasbaarheid, gemeenskapvormend, diversiteit & inklusiwiteit is prioriteit, volwasse onderrig, praktyk-georiënteerd, gebedgebaseerd

Watter onderwerpe en temas word aangespreek?

Tydens die opleiding, wat 'n reis van 'n jaar oor 4 byeenkomste insluit, sal kursusgangers 24 modules deurloop.

Voorbeelde van temas: God se sending, Missionale gemeentewees, Dissipelskap, Evangelisasie, Missionale leierskap, Missionale waardes, Evangelie en kultuur, Kinders en jeug, Missionale kleingroepe, Ontwikkeling van nuwe bedieninge; Plattelandse *fresh expressions.*

Die kursus sal in Afrikaans en Engels aangebied word.

Waar en wanneer word die kursus aangebied?

Die kursus word aangebied by Hugenoot Gemeente in Bloemfontein (h/v Normandielaan en Picardystraat, Bayswater)

Bekendstelling: 19 November 2014	Registrasie: SMS **D60314** en u naam na 31029
"**Vision Casting**": **17 Januarie 2015**	Registrasie: SMS **D35603** en u naam na 31029
Blok 1: 23 - 25 Februarie 2015	Registrasie: SMS **D73967** en u naam na 31029.
Blok 2: 1 - 3 Junie 2015	Registrasie: SMS **D80886** en u naam na 31029.
Blok 3: 27 - 29 Julie 2015	Registrasie: SMS **D24941** en u naam na 31029.
Blok 4: 26 - 28 Oktober 2015	Registrasie: SMS **D60954** en u naam na 31029.

Uitnodiging

Hiermee nooi ons u graag uit na die bekendstelling van Fresh Expressions Vrystaat op Woensdag, 19 November 2014, van 9:00 - 12:00 by Hugenoot Gemeente.